



2024/25

Reglement A

Regulation A

JUKSKEI SA

TUGPROSEDURE

DISCIPLINE PROCEDURE

Jukskei : Suid-Afrika se Sport vir Almal / South Africa's Sport for All

INHOUD / INDEX

NR	ARTIKELBESKRYWING	ARTICLE DESCRIPTION	
1	DOEL	PURPOSE	3
2	REIKWYDTE VAN TUGPROSEDURE	RANGE OF DISCIPLINARY PROCEDURE	3
2.1	Algemene Beginsels	General Principles	3
3	DEFINISIES	DEFINITIONS	4
4	WANGEDRAG	MISCONDUCT	5
5	SANKIES	SANCTIONS	6
6	DISSIPLINÊRE PROSEDURES	DISCIPLINARY PROCEDURES	6
7	DISSIPLINÊRE VERHOOR	DISCIPLINARY HEARING	11
8	DISSIPLINÊRE APPEL	DISCIPLINARY APPEAL	14
9	VERGOEDING/BETALING	COMPENSATION/PAYMENT	16
10	WYSIGINGS	AMENDMENTS	17
	BYLAES	APPENDIXES	
A	Rapportering van beweerde wangedrag	Reporting of alleged misconduct	18
B	Klagstaat	Charge Sheet	20
C	Kennisgewing van Verhoor aan Tugkomiteelede	Notice of Trial to Disciplinary Committee	24
D	Besluit van Dissiplinêre Tribunaal	Disciplinary Tribunal Decision	26
E	Appelvorm	Appeal Form	28
F	Kennisgewing van Verhoor deur Appêltribunaal	Notice of Hearing by Tribunal	30
G	Kennisgewing van verhoor aan Lede van Appêltribunaal	Notice of Trial to Members of Tribunal	34
H	Besluit van Appêltribunaal	Decision of Tribunal	36
I	Riglyne vir Sanksies	Guidelines for Sanctions	38

1	DOEL	PURPOSE
	Die doel van die dissiplinêre kode is om ordelike gedrag te bevorder deur die toepassing van billike tugprosedures, ten einde onaanvaarbare gedrag, soos gedefinieer in die reëls van die spel, die Statute en algemeen aanvaarde gedragsnorme, deur toepaslike sanksies te bring tot die standaard soos gestel.	The purpose of the disciplinary code is to promote orderly behaviour by the application of fair judicial procedures in order to bring appropriate sanctions for unacceptable behaviour, as defined by the rules of the game, the Statute and generally accepted norms of behaviour, to the standard as proposed.
	Die sukses van die dissiplinêre proses is afhanklik van die goeie oordeel van die lede van die tribunaal betrokke en die wyse waarop hulle hul diskresie binne die raamwerk en gees van die kode toepas.	The success of the disciplinary process is dependent on the good judgment of the members of the tribunal in question and the way they use their discretion within the framework and spirit of the code.
2	REIKWYDTE VAN DIE TUGPROSEDURES	RANGE OF THE DISCIPLINARY PROCEDURES
	Die dissiplinêre kode en prosedure is van toepassing op alle geregistreerde lede van Jukskei SA.	The disciplinary code and procedure shall apply to all registered members of Jukskei SA.
2.1	Algemene beginsels	General principles
	Dit is noodsaaklik dat die verantwoordelikheid vir dissiplinêre aksie slegs in Bestuur vestig, maar dat 'n lid se reg op 'n regverdigde verhoor nooit benadeel word nie. Dissiplinêre aksie sal toegepas word deur aksie te neem op die laagste moontlike vlak soos van toepassing, dus op Klubvlak, dan Distriksvlak, Provinsiale vlak en dan Nasionale vlak.	It is essential that responsibility for disciplinary action only vest in Management, but that a member's right to a fair trial is never compromised. Disciplinary action will be applied by taking action at the lowest possible level, as applicable, thus, at Club Level, then District Level, Provincial Level and then at National Level.
2.1.1	Die prosedure vorm 'n integrale deel van die Kode om enige onbillike aksies (prosedureel en/of substantief) aan te spreek. Alle beskuldigdes het die reg om tydens sy dissiplinêre verhoor, op eie koste, bygestaan te word. Verhore (insluitende die lewering van getuienis) kan op enige wyse waar moontlik ook elektronies deur middels soos Zoom of Microsoft Teams of soortgelyke platforms plaasvind met dien verstande dat dit nie die aangeklaagde se reg op 'n billike verhoor enigsins benadeel nie.	The procedure is an integral part of the Code to address any unfair actions (procedural and/or substantive). All defendants have the right to be assisted during his disciplinary hearing, at his own expense. Hearings (including the delivery of evidence) may also take place electronically through means such as Zoom or Microsoft Teams or similar platforms in any way possible, provided that they do not in any way prejudice the accused's right to a fair trial.
2.1.2	Dissiplinêre prosedure en aksie sal billik toegepas word om te verseker dat 'n beskuldigde regverdig en konsekwent behandel word.	Disciplinary procedures and action will be fairly applied to ensure that an accused is treated fairly and consistently.
2.1.3	'n Beskuldigde het die reg om te appéleer teen sy skuldigbevinding en/of die sanksie aan hom opgelê.	An accused has the right to appeal against his conviction and/or the sanction imposed on him.
2.1.4	Die bevinding aangaande 'n aanklag sal gebaseer wees op 'n oorwig van waarskynlikhede soos gelê deur getuienis en argumente.	The finding on a charge will be based on a balance of probabilities as submitted by evidence and arguments.
2.1.5	Indien die beskuldigde skuldig bevind word sal 'n gepaste sanksie met inagneming van	If the accused is found guilty an appropriate sanction will be imposed taking into

	die erns van die aanklag die beskuldigde se persoonlike omstandighede en die belang van die jukskeispelende publiek binne die diskresie van die tugtribunaal opgelê word.	account the seriousness of the charge, the accused's personal circumstances and the interest of the jukskei playing public within the discretion of the disciplinary tribunal.
2.1.6	Bestuurslede kan ook aangekla word in welke geval hulle gesamentlik of individueel verantwoordelik gehou kan word. In hierdie geval sal die Voorsitter of President van die beweerde wangedrag aangekla word.	Board members may also be charged in which case they may be held responsible jointly or individually. In this case the Chairman or President will be charged with the alleged misconduct.
2.1.7	Bestuurslede kan slegs persoonlik aanspreeklik gehou word indien die Tribunaal bevind dat hy/sy grof nalatig of roekeloos opgetree het.	Board members can only be personally liable if the Tribunal finds that he/she acted grossly negligently or recklessly.
2.1.8	Die reëls van natuurlike geregtigheid sal toegepas word ten einde bogenoemde beginsels te verseker. (Sien Klousule 7.3 vir besonderhede).	The rules of natural justice will be applied in order to ensure the above principles. (See Clause 7.3 for details).
3	DEFINISIES	DEFINITIONS
	Tensy andersins duidelik, beteken:	Unless otherwise clear, the following means:
3.1	Dissipline: die gedrag volgens die reëls van die spel en Statute van Jukskei SA met die strewe om op 'n aanvaarbare, ordelike en wettige wyse, met respek vir mense en eiendom die doelwitte van Jukskei SA te handhaaf.	Discipline: the behaviour according to the rules of the game and Statute of Jukskei SA with the pursuit to maintain the objectives of Jukskei SA in an acceptable, orderly and legal manner with respect for people and property.
3.2	Dissiplinêre aksie: stappe geneem deur 'n Tribunaal in reaksie op 'n klage van wangedrag deur 'n lid.	Disciplinary action: action taken by a Tribunal in response to a complaint of misconduct by a member.
3.3	Bestuur: die Bestuur van die Klub, Distrik, Provinsie, Komitee en/of die Direksie van Jukskei SA, soos van toepassing.	Management: the Management of the Club, District, Province, Committee and/or the Board of Jukskei SA, as applicable.
3.4	Georganiseerde spel: amptelike oefeninge, vergadering of toekenningsgeleenthede of prysuitdelings of wedstryde, Toernooi of Kampioenskappe, wat onder die beheer van Jukskei SA en/of Distrik/Provinsie of Streek of 'n Klub of Assosiaatliggaam gespeel of aangebied word.	Organised play: official exercises, meeting or awards events or prizegiving ceremonies or matches, Tournament or Championships, played or hosted under the control of Jukskei SA and/or District/Province or Region or a Club or Associate Body.
3.5	Grondwet/Konstitusie: Grondwet/Konstitusie van die Klub, Distrik en/of Provinsiale betrokke, komitees van Jukskei SA.	Constitution: Constitution of the Club, District and/or Provincial committees concerned, of Jukskei SA.
3.6	Lid: 'n persoon geaffilieer/geregistreer by Jukskei SA as 'n speler, skeidsregter, afrigter en/of administrateur.	Member: a person affiliated/registered with Jukskei SA as a player, umpire, coach and/or administrator.
3.7	Aanklaer: die persoon wat in terme van Klousule 6.2 aangestel word om die tugprosedure te voer.	Prosecutor: the person appointed in terms of Clause 6.2 to conduct the disciplinary procedure.
3.8	Verteenwoordiger: 'n medespeler of enige persoon van die beskuldigde se keuse.	Representative: a fellow player or any person of the accused's choice.

3.9	Reëls van die spel: soos uiteengesit in die Statute van Jukskei SA, Kleredragkode ingesluit.	Rules of the game: as set out in the Statute of Jukskei SA, including Dress Code.
3.10	Statute van Jukskei SA: die Statute van Jukskei SA (Suid-Afrikaanse Jukskei Raad) (registrasienuommer 2004/000166/08).	Statute of Jukskei SA: the Statute of Jukskei SA (South African Jukskei Council) (registration number 2004/000166/08).
3.11	Tribunaal: die Tribunaal wat optree as Disiplinêre- of Appèltribunaal.	Tribunal: The Tribunal acting as Disciplinary- or Appeal Tribunal.
4	WANGEDRAG	MISCONDUCT
4.1	Elke lid moet hom/haarself vertrouwd maak met die Statute van Jukskei SA en kan aangekla en skuldig bevind word van wangedrag indien hy:	Each member must familiarize him/herself with the Statute of Jukskei SA and may be charged and convicted of misconduct if he:
4.1.1	opsetlik die reëls van die spel verbreek of nie nakom nie; of	willfully breaks the rules of the game or do not comply; or
4.1.2	hom/haar op 'n skandelige, onbehoorlike, onwettige of oneerlike manier gedra gedurende enige georganiseerde spel; of	behave in a disgraceful, improper, abusive or fraudulent manner during any organized game; or
4.1.3	enige lid of toeskouer gedurende enige georganiseerde spel aanrand, beledig of intimideer, en/of kru en/of offensiewe taal of handtekens gebruik; of	assault, insult or intimidate any member or spectator during any organized game, and/or use vulgar and/or offensive language or hand signals; or
4.1.4	enige verbode medisyne, alkohol, stimulant, verdowingsmiddels en/of dwelms (verwys na Reglement G) gedurende enige georganiseerde spel/wedstryde gebruik; of onder die invloed van sodanige middel of stof is tydens amptelike spel, of versuim om in aangewese rook areas te rook, of	use any prohibited medicines, alcohol, stimulants, narcotics and/or drugs (refer to Regulation G) during any organized game/matches; or is under the influence of such a substance or drug during official games, or failure to smoke in designated smoking areas, or
4.1.5	weier of versuim om sonder enige geldige redes amptelike verpligtinge tydens georganiseerde spel by die Klub, Provinsiale en/of Nasionale vlak na te kom; of	refuses or fails to meet official duties during organized game at the Club, Provincial and/or National level without any valid reasons; or
4.1.6	homself nie onderwerp aan die Statute van Jukskei SA en/of die Statute en/of huishoudelike reëls van die Klub, Distrik, Provinsiale of Streek betrokke nie; of	does not subject himself to the Statute of Jukskei SA and/or the Statute and/or domestic rules of the Club, District, Provincial or Region concerned; or
4.1.7	homself verryk, korrupsie pleeg en/of diefstal pleeg en/of omkoopgeld aanvaar, of enige poging daartoe tot die nadeel van jukskei in die algemeen of ten einde die uitslag van enige amptelike wedstryd te manipuleer; of	enriches himself, commits corruption and/or theft and/or accepts bribes, or any attempt thereof to the detriment of jukskei in general or in order to manipulate the outcome of any official match; or
4.1.8	doelbewus teenstrydige, onware of valse verklarings maak, of die waarheid verberg tot sy eie voordeel, of om 'n lid in die jukskei gemeenskap te benadeel; of	deliberately making contradictory, untrue or false statements or concealing the truth for his own benefit, or to harm a member of the jukskei community; or
4.1.9	doelbewus jukskei as 'n sport benadeel, en/of diskrediteer en/of enige poging daartoe; of	deliberately harms jukskei as a sport, and/or discredits it and/or any attempt thereof; or
4.1.10	persverklarings maak sonder die goedkeuring van die Bestuur betrokke; of	make press releases without the approval of the Management involved; or

4.1.11	doelbewus enigiets doen of versuim om te doen tot nadeel van Jukskei SA, sy dissipline of effektiwiteit, of dit laat doen, of iemand toelaat om dit te doen; of	deliberately does anything or fails to do to the detriment of Jukskei SA, its discipline or efficiency, or causes or allows someone to do it; or
4.1.12	doelbewus 'n lid teister of poog om dit te doen.	deliberately harasses a member or attempts to do so.
5		
5	SANKSIES (Sien Bylae I vir riglyne)	SANCTIONS (see Appendix I for guidelines)
5.1	Na die Tribunaal al die bepalings van Klousule 7.4.4 wat mutatis mutandis (met die nodige aanpassings) van toepassing is toegepas het en oortuig is dat die beskuldigde wel skuldig is aan die wangedrag, het die Tribunaal die gesag om enige van die sanksies gemeld in die subklousule hiervan toe te pas:	After the Tribunal has applied all the provisions of Clause 7.4.4 applicable to mutatis mutandis (with the necessary changes) and is satisfied that the accused actually committed the misconduct, the Tribunal has the authority to apply any of the sanctions mentioned in the sub-clause hereof:
5.1.1	berispe en of mondelingse waarskuwing; of	reprimand and or verbal warning; or
5.1.2	skriftelike waarskuwing; of	written warning; or
5.1.3	finale skriftelike waarskuwing; of	final written warning; or
5.1.4	boetes oplê; of	impose fines; or
5.1.5	tydelike skorsing; of	temporary suspension; or
5.1.6	permanente skorsing.	permanent expulsion.
6		
6	DISSIPLINÊRE PROSEDURES	DISCIPLINARY PROCEDURES
6.1	By ontvangs van 'n skriftelike klagte sal die toepaslike Bestuur besluit of formele dissiplinêre verrigtinge ingestel behoort te word.	Upon receipt of a written complaint, the appropriate Management will decide if formal disciplinary proceedings should be instituted.
6.2	Indien daar besluit word op formele dissiplinêre stappe sal die klaer en getuies die beweerde wangedrag formuleer deur die rapportering van Beweerde Wangedrag (Bylae A) vorm te voltooi.	If it is decided to take formal disciplinary action, the complainant and witnesses will formulate the alleged misconduct by completing the Reporting Alleged Misconduct (Appendix A) form.
6.3	Aanmelding van die beweerde wangedrag moet per voltooide Bylae A binne een-en-twintig (21) kalenderdae dae by die betrokke Klub, Distrik, Provinsie of JSA waar die oortreder as 'n jukskeispeler of 'n beampte geregistreer is, ingehandig word.	Reporting the alleged misconduct should be by completing Appendix A and submitting it within twenty one (21) calendar days to the relevant Club, District, Province or JSA where the offender is registered as a jukskei player or official.
6.4	Die aard van die klagte sal bepaal op watter vlak, synde op Klub-, Distrik-, Provinsiaal of Nasionale vlak, die klag hanteer sal word.	The nature of the complaint will determine at what level, being at Club, District, Provincial or National level, the complaint will be handled.
6.5	Die betrokke Bestuur moet binne 72 (twee-en-sewentig) uur na ontvangs van Bylae A 'n aanklaer skriftelik aanstel.	The relevant Management must appoint a prosecutor in writing within 72 (seventy two) hours after receipt of Appendix A.
6.6	Die aanklaer moet onmiddellik 'n klagstaat (Bylae B) opstel wat die beweerde wangedrag (Bylae A) uiteensit.	The prosecutor should immediately draw up a charge sheet (Appendix B) stating the alleged misconduct (Appendix A) .
6.7	Voldoende inligting om behoorlik voor te berei vir die verhoor moet verskaf word.	Sufficient information to prepare adequately for the trial should be provided.
6.8	Die aanklaer moet Bylae B binne veertien (14) kalenderdae na sy/haar aanstelling op	The prosecutor must serve Appendix B within fourteen (14) calendar days after his/her appointment on the accused

	die beskuldigde beteken (beskuldigde moet bewys van ontvangs skriftelik teken).	(accused must sign proof of receipt in writing.)
6.9	Indien die beskuldigde minderjarig is moet 'n ouer, voog of ander volwassene ontvangs van die betekening skriftelik teken.	If the accused is a minor, a parent, guardian or other adult must sign the receipt of the document served.
6.10	Die lede van die dissiplinêre Tribunaal asook getuies moet ingelig word van die datum, tyd en plek waar die verhoor sal plaasvind (Bylae C).	The members of the disciplinary Tribunal as well as witnesses must be informed of the date, time and place where the hearing will take place (Appendix C).
6.11	Die beskuldigde moet voldoende tyd gegun word vir behoorlike voorbereiding.	The accused must be given adequate time for proper preparation.
6.12	Reëlings vir 'n tolk (indien nodig) asook alle hulpmiddels nodig om die verhoor te dokumenteer moet getref word.	Arrangements for an interpreter (if necessary) and all resources must be made to document the hearing.
6.13	Die versuim van getuies om die verhoor by te woon sal nie die verhoor ongeldig maak nie.	Failure of witnesses to attend the hearing will not render the hearing invalid.
6.14	Die voorsittende beampte het geen insae in die verklaring van getuies nie.	The presiding officer has no access to the statement of witnesses.
6.15	Indien 'n getuie(s) nie geroep is nie sal die saak beslis moet word op die getuienis wat wel mondelings gegee is.	If a witness (es) is not called the case must be decided on the evidence that was given orally.
6.16	Indien die klaer, beskuldigde of getuie 'n minderjarige is, moet hy/sy ingelig word dat hy/sy deur 'n ouer, voog of enige ander persoon bygestaan moet word.	If the complainant, accused or a witness is a minor, he / she must be informed that he/she must be assisted by a parent, guardian or any other person.
6.17	Indien die minderjarige nie 'n ouer/voog het wat bereid is om hom/haar by te staan nie of nie iemand wil of kan bekom om hom/haar by te staan nie, behou die die tribunaal die reg om 'n bevoegde persoon, hetsy lid al dan nie, te benoem om die minderjarige lid by te staan.	If the minor does not have a parent/guardian who is willing to support him/her or does not want or cannot find someone to assist him/her, the tribunal retains the right to appoint a competent person, whether member or not to assist the minor member.
6.18	Tydens 'n dissiplinêre verhoor sal 'n dissiplinêre tribunaal verkieslik uit die geledere van die sport aangewys word (nie familie of naby vriende van die betrokkenes nie, sien Klousule 7.3.2), maar in uitsonderlike gevalle en by ooreenkoms mag onafhanklike, eksterne lede van die tribunaal aangewys word.	At a disciplinary hearing a disciplinary tribunal will be appointed preferably from the ranks of the sport (no family or close friends of those involved, see Clause 7.3.2), but in exceptional cases and by agreement independent external members of the tribunal may be appointed.
6.19	Bestuur sal verantwoordelik wees vir die koste van die eksterne lede van die tribunaal indien dit hulle keuse is. Indien die aanstelling van eksterne lede van die tribunaal egter op aandrang van die beskuldigde geskied sal die tribunaal besluit wie se verantwoordelikheid die betrokke koste sal wees.	Management will be responsible for the cost of the external members of the tribunal if it is their choice. If the appointment of external members of the tribunal, however, is insisted on by the accused, the tribunal will decide whose responsibility the relative costs will be.
6.20	By ontvangs van 'n skriftelike klagte word die klaer en die beskuldigde onmiddelik tydelik onthef van alle pligte op enige bestuur van die sport tot na afhandeling van die proses.	Upon receipt of a written complaint, the complainant and the accused are immediately temporarily suspended from all duties on any management of the sport until after completion of the process.

6.21	Die betrokke bestuur in samewerking met die aanklaer sal verseker dat die dissiplinêre verhoor binne 30 (dertig) kalenderdae na die aanstelling van die aanklaer afgehandel word.	The relevant management in cooperation with the prosecutor will ensure that the disciplinary hearing will be completed within 30 (thirty) calendar days after the appointment of the prosecutor.
6.22	Indien die dissiplinêre verhoor nie binne 30 (dertig) kalenderdae afgehandel kan word nie moet die aanklaer skriftelik 'n volledig gemotiveerde verslag aan die Bestuur verstrek met redes hoekom die verhoor nie afgehandel is nie en steeds voortgaan om die verhoor so gou as moontlik af te handel.	If the hearing cannot be completed within 30 (thirty) calendar days , the prosecutor must submit in writing a fully substantiated report to the Management furnished with reasons why the trial has not been completed and must still continue to complete the trial as soon as possible.
6.23	Die verhoor kan selfs in die afwesigheid van die beskuldigde geskied veral waar dit blyk dat hy/sy sonder enige aanvaarbare rede die proses vertraag.	The trial can even take place in the absence of the accused especially where it seems that he/she delays the process without any acceptable reason.
6.24	Dissiplinêre Tribunaal	Disciplinary Tribunal
	Elke vlak van bestuur binne die jukskei hiërargie is verantwoordelik vir die skriftelike aanstelling van 'n Dissiplinêre Tribunaal bestaande uit ten minste 3 (drie) lede , waarvan een die Voorsittende Beamppte en een die Sekretaris sal wees.	Each level of management within the jukskei hierarchy is responsible for the written appointment of a Disciplinary Tribunal consisting of at least three (3) members , of which one will be the Presiding Officer and one the Secretary.
6.25	Stemreg van die Tribunaal	Voting rights of the Tribunal
	Die lede van die tribunaal het elkeen een stem en die voorsittende beamppte het ook 'n beslissende stem.	The members of the tribunal each have one vote and the presiding officer has a casting vote.
6.26	Uitspraak van die Tribunaal	Judgment of the Tribunal
	Die voorsittende beamppte sal die uitspraak namens die Tribunaal lewer.	The presiding officer will deliver the statement on behalf of the Tribunal.
6.27	Appéltribunaal	Appeal Tribunal
6.27.1	'n Appéltribunaal bestaan uit drie lede, aangestel deur Jukskei SA se Direksie of die Bestuur van die betrokke Distrik/Provinsie. Klousules 6.5 tot 6.8 geld ook vir die Appéltribunaal.	An Appeal Tribunal consists of three members appointed by the Jukskei SA Board or the Management of the relevant District / Province. Clauses 6.5 to 6.8 also apply to the Appeal Tribunal.
6.27.2	Die Appéltribunaal het die reg om enige bekwame persoon in 'n adviserende hoedanigheid te koöpteer. Elke Appéltribunaal stel sy eie Voorsittende Beamppte asook Sekretaris aan.	The Appeal Tribunal has the right to co-opt any skilled person in an advisory capacity. Each Appeal Tribunal appoints his own Presiding Officer and Secretary.
6.28	Voorsittende Beamppte van die verhoor	Presiding Officer of the hearing
6.28.1	Die dissiplinêre verhoor sal hanteer word in ooreenstemming met die algemene beginsels soos uiteengesit in die kode.	The disciplinary hearing will be handled in accordance with the general principles set out in the code.
6.28.2	Die Voorsittende Beamppte sal verseker dat:	The Presiding Officer shall ensure that:
	a) Bylae C volledig en korrek voltooi is	a) Appendix C is complete and correct
	b) die beskuldigde die aantygings teen hom/haar gemaak, verstaan	b) the accused understands allegations made against him / her
	c) getuienis ter bewys van die beweerde oortreding gelewer word	c) evidence as proof of the alleged offense is delivered
	d) die beskuldigde of sy/haar verteenwoordiger 'n regverdige geleentheid kry om sy saak te stel, om	d) the accused or his/her representative is given a fair opportunity to present his case, to cross-examine all

alle getuies te kruisondervra; getuies te roep, te ondervra en na kruisverhoor deur die aanklaer, te herondervra	witnesses; call witnesses, examine and re-examine after cross-examination by the prosecutor,
e) 'n tolk beskikbaar is indien nodig;	e) an interpreter is available if needed;
f) nie hy/sy of enige lid van die Tribunaal die regter sowel as aanklaer in die beweerde oortreding is nie	f) neither he/she or any member of the Tribunal is the judge as well as the prosecutor in the alleged offense
g) die verhoor op 'n regverdige en onpartydige wyse sal geskied en dat hy/sy en die ander lede van die Dissiplinêre Tribunaal hulle self op 'n onpartydige wyse sal gedra	g) the trial will prevail in a fair and impartial manner and that he/she and the other members of the Disciplinary Tribunal will behave themselves in an unbiased manner
h) lede van die Dissiplinêre Tribunaal vrae mag vra vir duidelikheid op enige aspek wat tydens getuienis genoem word	h) members of the Disciplinary Tribunal may ask questions for clarification on any aspect mentioned during testimony
i) dat alle getuies (insluitende die beskuldigde se getuies) buite sig en hoorafstand bly totdat hy/sy getuig het	i) that all witnesses (including the accused's witnesses) stay out of sight and earshot until he/she has testified
j) die aanklaer die reg het om die getuienis te lei, na kruisverhoor deur die verdediging te herverhoor en die beskuldigde en sy getuies te kruisverhoor	j) the prosecutor has the right to lead evidence, to re-trial after cross-examination by the defense and to cross-examine the accused and his witnesses
k) na afsluiting van die aanklaer en die verdediging se sake kan die voorsittende beampte die reg hê om 'n getuie te roep of te herroep indien dit noodsaaklik blyk te wees in die regverdige beregting van die saak	k) after the conclusion of the prosecutor's and the defense's cases, the presiding officer has the right to call or recall a witness if it seems necessary in the just decision of the case
l) volledige notule van die verhoor gehou word (elektroniese stem opnemer asook skriftelike kopie) en indien die verhoor se notule skriftelik bygehou word, al die lede van die dissiplinêre Tribunaal die notule teken	l) complete record of the trial is held (electronic voice recorder as well as written copy) and if the hearing's minutes be kept in writing, all the members of the disciplinary Tribunal have to sign the minutes
m) die Dissiplinêre Tribunaal hulle besluit oor die beweerde klagte op 'n oorweg van waarskynlikhede baseer	m) the Disciplinary Tribunal base their decision on the alleged charges on a balance of probabilities
n) redes vir die bevindings voorsien word	n) provide reasons for the findings
o) versagte/verswarende faktore voorgehou word, ten einde die aard van die dissiplinêre sanksie wat geneem moet word te bepaal, indien enige, (in konsultasie met die Tribunaal)	o) mitigating/aggravating factors are presented in order to determine the nature of the disciplinary sanction to be taken, if any, (in consultation with the Tribunal)
p) na afsluiting van die saak, die verrigtinge verdaag om sy/haar uitspraak te oorweeg	p) after the conclusion of the case, adjourn the proceedings to consider his/her judgment
q) die gepaste sanksie toegepas sal word na gelang van die erns van die oortreding, en sal die beskuldigde na	q) the appropriate sanction will be applied depending on the seriousness of the offense, and will after the trial

	afloop van die verhoor mondelings van die sanksie in kennis stel. Hierdie verrigtinge sal in Bylae D genotuleer word	notify the accused orally of the sanction. These proceedings will be recorded in Appendix D
	r) die beskuldigde in kennis gestel word van sy/haar reg tot appèl	r) the accused be informed of his/her right to appeal
	s) indien die beskuldigde wel in kennis gestel was van die verhoor en sonder 'n geldige rede nie teenwoordig is nie, en indien omstandighede dit regverdig die verhoor in die afwesigheid van die beskuldigde en of getuies kan voortgaan; en	s) if the accused was given notice of the trial and is not present without a valid reason, and if circumstances warrant it, the trial may continue in the absence of the accused and or witnesses; and
	t) indien die beskuldigde skuldig pleit, met of sonder versagende omstandighede, die verhoor verdaag sal word ten einde op 'n gepaste sanksie te besluit, waarna die verhoor voortgesit sal word en die beskuldigde in kennis gestel sal word van welke sanksie aan hom/haar opgelê word	t) if the accused pleads guilty, with or without mitigating circumstances, the trial will be adjourned in order to decide on the appropriate sanction, after which the trial will be continued and the accused will be notified of any sanction imposed on him/her
6.29	Die Sekretaris van die Tribunaal	The Secretary of the Tribunal
	Die Sekretaris sal verseker dat:	The Secretary shall ensure that:
	a) dokumente volledig en korrek voltooi is;	a) documents are complete and correct;
	b) volledige notule van die verhoor gehou word (elektroniese stem opnemer asook skriftelike kopie)	b) complete record of the trial. is held (electronic voice recorders and written copy)
	c) al die lede van die dissiplinêre Tribunaal die notule teken;	c) all members of the Tribunal sign the minutes;
	d) die verrigtinge in Bylae D genotuleer word;	d) the proceedings in Appendix D are recorded;
	e) die beskuldigde in kennis gestel word van sy/haar reg tot appèl;	e) the accused be informed of his/her right to appeal;
6.30	Die Klagstaat	The Charge Sheet
	Die klagstaat (Bylae B) sal 'n verduideliking van die beweerde Wangedrag insluitende die volgende insluit:	The charge sheet (Appendix B) will include an explanation of the alleged Misconduct including the following:
	a) dag, datum en tyd van beweerde wangedrag;	a) day, date and time of alleged misconduct;
	b) omstandighede;	b) circumstances;
	c) watter artikels van die Statute moontlik oortree is;	c) what sections of the Statute may have been contravened;
	d) name van moontlike getuies	d) names of possible witnesses
	e) alternatiewe wangedrag aanklagtes (indien nodig)	e) alternative misconduct charges (if necessary)
f) 'n aanduiding dat, indien die beskuldigde 'n minderjarige is, sodanige persoon geregtig is om bygestaan te word deur 'n ouer, voog of enige ander persoon	f) an indication that, if the accused is a minor, such a person is entitled to be assisted by a parent, guardian or any other person	
6.31	Kennisgewing van verhoor	Notice of the hearing
	Die kennisgewing van die verhoor (Bylae C) sal die volgende inligting bevat:	The notice of the hearing (Appendix C) will contain the following information:

	a) die datum tyd en plek van die verhoor;	a) the date, time and place of the hearing;
	b) die aanklagte teen die beskuldigde;	b) the charges against the accused;
	c) dat die beskuldigde die reg het tot verteenwoordiging, die roep van getuies en die gebruik van 'n tolk;	c) that the accused has the right to representation, the calling of witnesses and the use of an interpreter;
	d) dat indien die beskuldigde/getuies sou versuim om persoonlik die verhoor by te woon, dit nie die verhoor ongeldig sal maak nie, maar dat die Dissiplinêre Tribunaal die verhoor kan uitstel indien die beskuldigde redes aan die Tribunaal kan verskaf wat in hulle opinie die uitstel van die verhoor regverdig	d) that, if the accused/witnesses would fail to personally attend the hearing, the trial will not be invalidated, but that the Disciplinary Tribunal may postpone the hearing if the accused can provide the Tribunal with reasons that, in their opinion justify the postponement of the trial
	e) dat indien die beskuldigde 'n verteenwoordiger het hy/sy moet verseker dat sy/haar verteenwoordiger teenwoordig is en bly vir die duur van die verhoor; en	e) that, if the accused has a representative, he/she must ensure that his/her representative is present and must remain present for the duration of the trial; and
	f) dat indien die beskuldigde/getuie 'n minderjarige is sodanige persoon bygestaan <u>moet</u> word deur 'n ouer, voog of enige ander persoon.	f) that, if the accused/witness is a minor such person <u>must</u> be assisted by a parent, guardian or any other person.
7	DISSIPLINÊRE VERHOOR	DISCIPLINARY HEARING
7.1	Geen persoon wat bewerings van wangedrag aanhangig gemaak het, die bewerings ondersoek het, as aanklaer opgetree het betreffende die beweerde wangedrag of getuig het of op enige wyse betrokke was tydens 'n vorige dissiplinêre verhoor ten aansien van dieselfde persoon mag optree as lid van die Dissiplinêre Tribunaal of Appéltribunaal nie. <i>[Dit is nouliks denkbaar dat 'n persoon meer as een maal vir dieselfde oortreding aangekla sal word alhoewel dit 'n soortgelyke klagte teen dieselfde persoon mag wees en word hierdie verbod geplaas ten einde enige oënskylike vooroordeel by lede van 'n tribunaal te voorkom. 'Justice must not only be done, but must be seen to be done.']</i>	No person who filed allegations of misconduct, investigated the allegations, acted as prosecutor on the alleged misconduct or gave witness or was in any way involved during a previous disciplinary hearing in respect of the same person may act as a member of the Disciplinary Tribunal or Appeal Tribunal. <i>[It is hardly conceivable that a person will be charged more than once for the same offense although it may be a similar complaint against the same person and this ban is put in order to avoid any apparent bias among members of a tribunal. 'Justice must not only be done, but must be seen to be done.']</i>
7.2	Tydens die dissiplinêre verhoor sal getuies getuig sonder om 'n eed af te lê, of bevestiging dat hulle die waarheid sal praat.	During the disciplinary hearing witnesses will testify without taking an oath or affirmation that they will tell the truth.
7.3	Die getuies sal egter versoek word om te getuig omtrent wat hulle weet van die voorval.	The witnesses will, however, be asked to testify about what they know of the incident.
7.4	Indien die Voorsittende Beamppte in ooreenstemming met die Wet op Kommissarisse van Ede of Vrederegters	If the Presiding Officer has been appointed in accordance with the Commissioners of Oaths or Justices of the Peace Act, the

	aangestel is, mag die getuies 'n eed aflê of bevestig dat hulle die waarheid sal vertel.	witnesses may take an oath or confirm that they will tell the truth.
7.5	Getuienis moet volledig genotuleer word.	Testimony must be minuted in full.
7.6	Die reëls van natuurlike geregtigheid	The rules of natural justice :
7.6.1	Tydens 'n verhoor sal die basiese beginsels van reg en geregtigheid gehandhaaf word.	During a hearing the basic principles of law and justice will be maintained.
7.6.2	Dit is van uiterste belang dat beide partye dieselfde geleentheid gegun word om bewerings te maak en te weerlê (behoorlik beredenering van feite).	It is imperative that both parties be given the same opportunities to make allegations and to refute (proper discussion of facts).
7.6.3	Nemo iudex in sau causa - geen persoon kan regter wees in sy eie saak of regter en aanklaer wees in sy/haar eie saak nie.	Nemo iudex in sau causa - no person can be judge in his own case or be judge and prosecutor in his/her own case.
7.6.4	Hierdie reël beteken die Voorsittende Beamppte en lede van die Tribunaal sal geensins partydig optree nie (onpartydigheid).	This rule means the Presiding Officer and members of the Tribunal will in no way act biased (impartiality).
7.7	Audi alterim partem reël	Audi alterim partem rule
7.7.1	Hierdie reël stipuleer dat:	This rule stipulates that:
	a) daar voldoende kennis gegee sal word aangaande die voorgestelde aksie;	a) sufficient notice will be given concerning the proposed action;
	b) partye tot die dispuut voldoende geleentheid gegun sal word om hulle saak te stel; en	b) parties to the dispute be given sufficient opportunity to present their case; and
	c) redes vir die bevinding gegee sal word.	c) reasons will be given for the finding.
7.7.2	Kennisgewing	Notice
7.7.2.1	Die Tribunaal sal verplig wees om enige party wat moontlik geaffekteer kan word deur 'n bevinding van die Tribunaal daarvan in kennis te stel.	The Tribunal will be obliged to notify any party that might be affected by the finding of the Tribunal.
7.7.2.2	Benewens die datum, tyd en plek van die verhoor sal die klagstaat voldoende inligting bevat om belanghebbende partye in staat te stel om getuienis te bekom en ten einde behoorlik voor te berei vir die verhoor.	In addition to the date, time and place of the hearing, the indictment will contain sufficient information to enable interested parties to obtain evidence and in order to properly prepare for the trial.
7.7.3	Die reg om aangehoor te word	The right to be heard
7.7.3.1	Die grondslag van die reëls van natuurlike geregtigheid (administratief regtelik) is dat partye 'n regverdige geleentheid sal kry om hul saak te stel voor enige besluit geneem sal word.	The basis of the rules of natural justice (administrative judicially) is that parties have a fair opportunity to present their case before any decision be taken.
7.7.3.2	Daar moet verseker word dat alle partye tot die dispuut voldoende geleentheid gegun word om enige bewerings gemaak te weerlê of ten minste geleentheid kry om daarop te reageer.	It must be ensured that all parties to the dispute be given ample opportunity to refute any allegations made or at least get an opportunity to respond.
7.7.4	Redes vir bevindings	Reasons for findings
7.7.4.1	Die bewyslas sal gebaseer wees op die oorwig van waarskynlikheid. Die Tribunaal tree in eie diskresie op (gewig geheg aan feite) en is verplig om redes te gee vir sy bevindings.	The burden of proof will be based on the balance of probabilities. The Tribunal comes into its own discretion (weight attached to fact) and is required to give reasons for its findings.

7.7.4.2	Die bevinding sal gebaseer wees op bewese feite.	The findings will be based on proven facts.
7.7.4.3	Die howe het beslis dat die versuim om redes te gee vir bevindings, die aanname dat die Tribunaal mala vide (in slegte trou) of willekeurig en sonder inagneming van die feite opgetree het, regverdig.	The courts have ruled that the failure to give reasons for findings, justify the assumption that the Tribunal acted mala fide (in bad faith) or randomly and without considering the facts.
7.5	Getuienis, hetsy mondeling of dokumentêr, aangaande die beweerde wangedrag en argumente ter ondersteuning van getuienis word deur die aanklaer aangebied.	Evidence, whether oral or documentary, about the alleged misconduct and arguments in support of evidence are presented by the prosecutor.
7.6	Vir hierdie doel mag hy/sy enige persoon oproep as getuie en het hy/sy die reg om sodanige persoon te ondervra en na kruisondervraging deur die beskuldigde of sy verteenwoordiger weer te herondervra.	For this purpose he/she may summon any person as a witness and he/she has the right to question such person and after cross-examination by the accused or his representative re-examine again.
7.7	Voorts het die aanklaer die reg om die beskuldigde, indien hy/sy sou getuig, of enige getuie wat die beskuldigde sou roep te kruisondervra.	Furthermore, the prosecutor has the right to cross-examine the accused, if he/she would testify, or any witness the accused would call.
7.8	Die aanklaer het die reg om dokumente in te dien ter bewys van die beweerde wangedrag en om enige dokumente deur die beskuldigde ingedien te lees en te weerlê.	The prosecutor has the right to submit documents as proof of the alleged misconduct and to read and to refute any documents filed by the accused.
7.9	Die beskuldigde het die reg om teenwoordig te wees en om aangehoor te word, hetsy persoonlik of deur 'n verteenwoordiger van sy/haar keuse.	The accused has the right to be present and to be heard, either personally or through a representative of his/her choice.
7.10	Die beskuldigde of sy verteenwoordiger het die reg om alle getuies deur die aanklaer geroep om die bewerings te staaf, te kruisondervra, om enige dokumente aangebied as getuienis te lees en te weerlê asook om self te getuig, getuies te roep en dokumente aan te bied as getuienis.	The accused or his representative has the right to cross-examine all witnesses called by the prosecution to substantiate allegations, to read and to refute any documents presented as evidence as well as to testify himself, call witnesses and present documents as evidence.
